Die Wapad

JAARGANG XIX — WOENSDAG 17 JUNIE 1964 — NR. 7

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

CLAASSEN & GROBLER (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

# BELANGRIKE BESLUITE GENEEM OP MASSA

## P.U. NEEM STANDPUNT IN TEENOOR NUSAS

**Positiewe optrede teen Nusas is nodig, veral gesien in die lig van die onlangse verklaring uitgereik deur die liggaam. Mnr. Jonty Driver, die President van NUSAS, se verklaring kom daarop neer dat die leiding van die vereniging aan die Nie-Blanke meerderheid opgedra moet word en dat hulle positief moet staan ten opsigte van die vryheidsbewegings in Afrika. Dit is duidelik dat Nusas sterk liberalisties is; selfs 'n taai klap Kommunisme weg het. 'n Mosie in die verband is ingedien op die Massa gehou op die 9de Junie.**

Die mosie beoog 'n skrywe aan alle studenterade binne die Republiek om radikaal standpunt in te neem teen Nusas en openlik hulle standpunt te stel.

**Mnr. Anton Roodt, wat die mosie ingedien het, het aan die vergadering gestel dat dit tyd geword het dat die Afrikanerstudent sy stilswyе waar dit Nusas betref, verbreek en dat die P.U. vir C.H.O. die voortou neem. Die studentemassa het die mosie met 'n enkele teenstem aanvaar.**

**MOSIE BEHELS DAT:**

(1) Hierdie studentemassa die uiters onverantwoordelike en vir die Studente van Suid-Afrika totaal onaanvaarbare standpunt wat deur N.U.S.A.S. op die onlangse Botha's Hillsamekoms ingeneem is, totaal verwerp en hulle sterkste afkeur daarteenoor uitspreek.

(2) Hierdie studentemassa sien dit as 'n direkte poging tot die uitwissing van die blanke Suid-Afrikaanse bevolking as 'n selfstandige identiteit.

(3) Nusas hierdeur duidelik laat blyk in hoeverre hulle reeds kommunistiese beinvloeding ondergaan het.

(4) Aan die Studenteraad opdrag gegee word om aan al die N.U.S.A.S. geaffilieerde studenterade skryf en hulle versoek om duidelik hulle standpunt ten opsigte van hierdie verklaring te stel.

(5) 'n Beroep op ons mede-Engelstalige studente doen om hulle lojaliteit teenoor Suid-Afrika te wys deur N.U.S.A.S. pertinent in hierdie rigting teen te gaan.

## Inlywing was suksesvol

**Mnr. Fanie du Plessis se verslag in verband met die inlywingsaksie is gunstig ontvang. Daar het geen onreëlmatighede gedurende inlywing plaasgevind nie. Spesiale melding is gemaak van die sukses van die veelbestrede aparte uitkenningsparades. Aan die eerstejaars is gevra om vryelik deel te neem aan die bespreking. Hulle het egter die verslag stilswyend goedgekeur.**



**MNR. ANTON ROODT** — **Foto: Fotokuns.**

## Gee inligting

Met die vakansie voor die deur sal die redaksie dit waardeer as lesers ons in kennis sal stel van moontlike toere of byeenkomste wat gedurende die vakansie plaasvind, en waarvan die redaksie moontlik nog nie gehoor het nie.

Sodanige inligting moet in die bussie van Die Wapad geplaas word voor eerskomende Donderdagaand, aangesien daar 'n vakansie-uitgawe moet verskyn, nog voor die einde van die kwartaal. (Red.)

## SOSIOLOGIE BESIG

Onlangs het daar 'n berig in Die Wapad verskyn aangaande die aantal studenteverenigings met betrekking tot vakwetenskappe. Tans is ook die sosiologie-studente besig met organisasies om 'n vereniging te stig.

## VREUGDEDAG WORD AFGESKAF

Daar sal in die toekoms geen vlotoptogte deur die P.U. vir C.H.O. gehou word nie. Dit is as gevolg van 'n besluit wat geneem is deur die goedkeuring van 'n mosie, ingedien deur mnr. Jan Bradley.

Mnr. Roelf du Plessis, ondervoorsitter van die Studenteraad het die bevindings van die Vreugdedagkomitee aan die vergadering voorgelê. Die komitee het aanbeveel dat daar weggedoen word met Vreugdedag in sy huidige vorm. Die publiek van Potchefstroom toon nie veel belangstelling nie, veral omdat hier alreeds te veel opvoedkundige inrigtings is wat ondersteuning vra en verder steur



**MNR. ROELF DU PLESSIS**
**Foto: Fotokuns**

dosente en selfs sommige studente hulle nie veel aan Vreugdedag nie, met die gevolg dat Vreugdedag minimale fondse oplewer en dus as liefdadigheidsinstansie nie die moeite werd is nie. Die komitee het verder voorgestel dat die ,,Pukkie'' behou moet word en so ook die kollektelyste.

'n Lewendige bespreking het getoon dat belangstelling in die voorstel bestaan. Daar is besware van tradisie en laksheid ten opsigte van liefdadigheid geopper, maar uiteindelik moes ook die teenstanders van die aanbeveling swig voor die onmoontlikheid om die huidige vorm en doel van vreugdedag suksesvol in die praktyk deur te voer. Daar is ook gewys op die ontsettende skade wat die Universiteit se naam aangedoen kan word, indien ons sou voortgaan om met ander Universiteite te wedywer op 'n gebied waar ons deur omstandighede alreeds tot mislukking gedoem is.

Die aanbeveling is aanvaar met opdrag aan die Studenteraad om 'n plaasvervangende aksie, uit en vir die studente, in plek van Vreugdedag te voorsien.

## DIRIGENTE VERKIES

Die twee gekose dirigente van die Puk is al vir 'n geruime tyd besig om die Pukke slaggereed te kry vir die groot botsing teen U.O.V.S.

Mnr. Frik van Deventer is 'n ou staatmaker van die Pukke. Hy sal as Hoofdirigent die oorwinning op die paviljoen verseker. Reeds in die verlede het Frik bewys gelewer dat op hom staatgemaak kan word.

'n Nuweling op hierdie gebied is die onderdirigent, Theo Vorster. Siende dat hy 'n oud-Kovsie is, is dit te verwagte dat hy erg sal moet deurloop onder die tonge van die dirigente aan die Kovsie-kant. Hy het natuurlik die voordeel dat hy hulle ken en dus 'n verdediging kan opbou. Op die kampus van die Puk het Theo homself deeglik bewys.

Hans van Zyl het egter reuse werk op dié gebied verrig en hy kan verseker wees van die massa se dank. Die nuutverkose dirigente sal steeds probeer om die pot warm te hou op die paviljoen.

**Sien foto op bladsy 2.**



**Mnr. FRIK VAN DEVENTER**
**Foto: Fotokuns**

## WAPAD KRY TIKMASJIEN

**(en die setters is bly)**

Die Studenteraad het onlangs 'n tikmasjien bygekoop, met die gevolg dat die redaksielede van Die Wapad nou 'n tikmasjien voltyds tot hulle beskiking het.

Indien iemand beslangstel in die aankoop van 'n tikmasjien kan hy met die Organiseerder van die Studenteraad, mnr. Paul Buys, skakel. Die maatskappy Ollivetti gee aan die studenteraad 'n kommissie indien Tikmasjiene deur die Organiseerder verkoop word. Ook kan die studente verseker wees van lae pryse.

## OP EIE HOUTJIE

# ARTIKEL OOR DIE PUK IN „DIE HUISGENOOT"

**Die sirkulasiesyfers van DIE HUISGENOOT moes 'n merkbare styging getoon het met DIE HUISGENOOT van 9 Mei. Dit kan gesê word na aanleiding van die feit dat daar op Maandag, 25 Mei ongeveer 1000 HUISGENOTE by die Studenteraadkantoor van die Puk afgelewer is. Dit is die tweede artikel in die reeks artikels oor Universiteite.**

**Die menings en gevoellens oor hierdie artikel het gewissel maar het in feitlik alle gevalle die teleurstelling openbaar oor die fotobeeld.**

**Die artikel deur A. Sorgdrager is breed, wydrakende, insiggewend en goed geskryf. Dit begin by die geskiedenis en totstandkoming van die Universiteit wat deurloop na 'n beeld van die huidige Universiteit, beeld voorts die karakter van die student uit, en noem die huisvesting van die studente.**

Oor die selfwerksaamheid word gepraat, wat trouens 'n baie belangrike en moderne aspek van die hedendaagse Universiteit is. Die artikel raak die unieke navorsing aan (Bilharzia) die moderne geboue en uitbreidings (die Cockcroft Walton-kernversneller) handel voorts oor die Musiekkonservatorium, buitenmuurse aktiwiteite (Thalia en Alabama) en sport met die Dalrymple-oorwinning as hoogtepunt van die jaar sover, studente publikasies en ten slotte die unieke leuse van die Puk. Kortom Sorgdrager se artikel begin by Burgersdorp en eindig by Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër onderwys vandag. Die skrywer raak alle noemenswaardige instansies in hierdie verband aan, wat die stempel van die Puk dra. Sodoende is 'n waarheidsgetroue beeld in soverre dit menslik moontlik is, van die hele Universiteit gebied.

Vergelyk bogenoemde met die fotobeeld dan is die artikel nie in geheel waarheidsgetrou nie. Buiten vir die feit dat die studente op die eerste foto (by die hoofgebou) verraai dat hulle gevra is om daar te posseer as studente, kom die oningeligte noodwendig tot die gevolgtrekking dat die hoofgebou leweloos is. Die foto is natuurlik regverdigbaar in die sin dat **die Huisgenoot-lesers** wil sien hoe ons studente lyk, wat in elk geval dan ook nie aan die doel beantwoord nie. Die fout kon uitgeskakel gewees het as die hoofgebou ook ietwat van lewe getoon het. As dit dan moes kon so 'n foto geneem gewees het met die ruil van klasse. 'n Foto van die hoofgebou van voor geneem, waarvan daar baie bestaan, kon veel meer waarde gehad het .

Net een koshuis verkry publikasie. Indien dit die doel was om prominensie te verleen aan die ,,sierlike ou koshuise" moes die verhouding van ou huise in ag geneem word. Indien die beklemtoning van die sierlikheid van die ou geboue so noodsaaklik was, sou die hoofgebou nie alleen die funksie kon verrig het nie? In 'n vergelyking van die moderne geboue (laboratoriums ens.) met die ou geboue kan gesien word dat byna niks van eersgenoemde geboue oorgebly het nie, soos die fotobyskrif ook tereg sê. Die beeld wat die oningeligte nou oor die Puk het is vol van ou geboue. Geen buiteaansig van die moderne praktiese geboue geniet aandag nie. Dink byvoorbeeld hoe effektief en dekoratief 'n foto van die artistieke mosaïekpaneel aan die voorkant van die Farmasie laboratorium sou gewees het.

In wese is die Puk-artikel dus 'n getroue weergawe tot sover die geskrewe artikel en ook waardigsgetrou wat die foto-artikel betref maar dit is slegs halfpad waar (in verhouding nog minder) en 'n halwe waarheid is nie die waarheid nie.



**MNR. THEO VORSTER wat as onder-dirigent die Pukke lei.**
**Foto: Fotokuns.**

**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**

*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*

NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

# Alabama - Thalia - aand

Piet Venter het groot talent getoon met die opvoering van Alabama op Donderdagaand, 11 Junie, in die Studentesaal. Dit het die orkesuitvoering op 'n tipiese Shakespeariaanse grondslag geplaas met Piet Venter as die ,,court jester."

Die orkes, onder leiding van Johan van Rensburg, het gewilde items gelewer en aan die einde 'n geslaagde vertolking gelewer van verwerkings van bekende temas.

Die individuele items het redelike talent getoon met die uitsondering van Hennie Badenhorst en Weiss Doubell, wie se vertolkings goed was.

Thalia het groot verrassing gebied met die keuse van die toneel. Hier het groot talent na vore gekom. In geheel is dit 'n fyn afgewerkte stuk met slegs hier en daar nog 'n rowwe plekkie, wat in geheel die resultaat is van mnr. Louis Malan. Mnr. Malan is 'n honneurs-student in Afrikaans op die Puk.

,,Moeder Ierland" is vertolk deur Kristie Jordaan en haar vertolking was uiters goed. Deurgaans het sy gesorg vir die regte atmosfeer, selfs voor haar verskyning ontstaan die spanning oor haar en as sy dan optree, het sy die nodige aandag. Ook Arrie de Beer was 'n goeie vertolker. Effens onseker en onoortuigend aan die begin maar sodra hy saam met Moeder Ierland begin speel, verbeter sy spel algaande totdat hy dit tot 'n hoogtepunt voer in sy waansin. Herma Roux en Chris Aucamp lewer ook 'n natuurlike siening op die Ierse huisgesin.

# STUDIETOER WORD INSTELLING

**Op Woensdag 20 Mei, het die studente van die Staatsleer Departement om 5.30 vm. op 'n kort toer na Pretoria vertrek. Hierdie studietoer het nou alreeds 'n jaarlikse instelling geword wat deur 'n baie mooi hoeveelheid studente meegemaak word, ongeag die vroeë vertrektyd (vir 'n student!)**

Daar is eerstens besoek afgelê by die Departement Bantoeadministrasie- en -Ontwikkeling. Baie interessante lesings is hier aan die studente gelewer, waarna films vertoon is van die Transkei en die onderrig van die Bantoe in die stemkuns. Die studente is ook onthaal op tee en verversings.

### REUSEWERK

Hierna is besoek gebring aan die Departement van Inligting. Hoewel 'n baie jong en ietwat onbekende Departement, was die studente nie min beïndruk deur die reusewerk wat deur hierdie Departement verrig word in belang van Suid-Afrika nie. 'n Wonderlike film van die land se Verdediging, verfilm deur die Departement van Inligting, is ook aan die studente vertoon.

### TAAMLIK VERMOEID

Die middag is 'n sitting van die Provinsiale Raad bygewoon. Dit was 'n besondere lewendige sitting wat groot byval by die studente gevind het. Die studente is met die verdaging vir teetyd, deur die voorsitter genooi om saam met hom 'n koppie tee te gaan geniet.

Hoewel taamlik vermoeid, is daar met die terugkeer lustig saamgesing. Ook hierdie toer was, net soos in die verlede, baie leersaam en aangenaam, danksy die puik reëlings en aangename gesindheid van Prof. C. P. van der Walt en mnr. J. J. van Tonder.

# SENIORKONSERT UITSTEKEND

**Die Seniorkonsert wat op Woensdagaand 20 Mei in die Konservatoriumsaal aangebied is, was 'n goeie aanduiding van die uitstekende standaard wat deur die musiekdepartement van die P.U. vir C.H.O. gehandhaaf word ten opsigte van praktiese onderrig.**

'n Verskeidenheid van sang klavier- en orrelspel is gelewer waarvan in die uitvoering artistieke aanvoeling en vertolking deurgaans aangetref is. Die verskillende tydperke in die musiekgeskiedenis is elk goed verteenwoordig. Die werke het die gestrek vanaf die Barok met koraalspele van Bach en 'n gedeelte van 'n suite van Händel oor die Romantiek met werke van Grieg en Mendelsohn tot in die moderne tyd, met insluiting van komponiste soos Hopkins en Faure.

Hierdie seniorkonserte wat van tyd tot tyd deur die Konservatorium aangebied word, verdien werklik die goeie samewerking van die studente. Dit is plaaslike talent waarvan gebruik gemaak word, maar die artistieke gehalte van hierdie uitvoerings hoef geensins laag geskat te word nie. Deelnemers was Lenie Mulder, Lorenne du Plessis, Dalene Basson, Marie Human, Anita du Plessis, Louisa Joubert, Irene Stavast en Louise Prins.



*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

★

Mooi Wintermateriaal

★

Nomotta-wol in Voorraad

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

*„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*

## HET U GEWEET

Dat die Hawaïse eilande tweederdes van die 930,000 inwoners van die Polinesiese eilande dra, hoewel hiervan selgs 12,000 suiwer Polinesiërs is, minder as 160,000 Kaukasies is, 210,000 Japanees is en die res bestaan uit Chinese, Filippyne en ander Asiate — en dat hierdie bont bevolking die gevolg is van die feit dat werkers ingevoer moes word vir plantasie-arbeid omdat die suiwer Polinesiërs roetinewerk haat?

Dat die Vieroog-Vis slegs twee oë het, maar dat elke oog verdeel is in 'n boonste en onderste helfte — en dat hierdie oë só gespesialiseer is dat die boonste helftes gedurig dophou terwyl die onderste helftes kyk wat onder die water aangaan, want hierdie vis swem met sy kop half uit die water, om sodoende enige insek wat hy sou opmerk met 'n sprong te kan bykom?

Dat daar ongeveer 40 soorte see-perdjies is, en dat die mees algemene dié is wat in Britse seewaters voorkom, en dat hierdie spesifieke soort ongeveer 1 voet lank word?

Dat Ethiopië met sy 350,000 vierkante myl byna hoofsaaklik uit 'n plato bestaan wat ongeveer een myl hoog is?

Dat daar ongeveer 3,000 soorte diere op die wêreld bestaan?

Dat, ru soos dit vandag lyk, die vuurtoring by Boulogne, Frankryk, skepe gewaarsku het tot 1,400 jaar nadat dit deur die Romeine gebou is, en dat dit aanvanklik met groot vure moes werk?

Dat tennis vir die eerste keer in 1873 in Engeland gespeel is?

## Staatsleer besoek Munisipale Raad

Op Dinsdag 19 Mei, het die Staatsleer 10 studente, saam met Prof. C. P. van der Walt, besoek gebring aan die plaaslike Munisipale Raad. Die studente is toegespreek deur die stadsklerk, Mnr. Olivier, asook deur ander amptenare. Hulle is toegelig omtrent Plaaslike Bestuur, en ander interessante hoedanighede omtrent die beplanning en ontwikkeling van Potchefstroom is aan hulle meegedeel. Daar is dan ook 'n skets van die beoogde damskema aan die studente getoon. Die skema sal ongeveer R105,000 bedra en sal aangewend word om die Potchefstroom-dam, wat by die studente nie onbekend is nie, te omskep in 'n binnelandse vakansieoord. Dit was dan ook interessant om te verneem dat daar maandeliks 150,000 gellings bantoebier gebrou word by die plaaslike brouery.

Na afloop van die toesprake is die studente deur die Munisipale Raad onthaal op tee en heerlike verversings, wat 'n volgende toer beslis 'n vooruitsig maak.

***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS***

# GEKUS EN GEKEUR

**As ,,Sewe Dae by die Silbersteins" vir Henry 'n ondervinding was, dan is ,,vyf dae tussen die proffies" vir elke student 'n smeltkroes en beproewing, waarin hierdie onskuldige jong wesentjies die prooi word van vretende frustrasies en demoniese breinspoelings. Persoonlik het ek die afgelope week twee-en-'n-halwe gelling bloed uit 'n klip getap.**

Maar aan uithoudingsvermoë en veelsydigheid ontbreek dit ons nie. Ten spyte van hierdie geestelike aanslae en die koue, volhard die manne en vroue van toekomstige Suid-Afrika — hulle sleep en kus en keur na willekeur.

Dit lyk asof die Puk-ouhere nie baie in aanvraag is by eertejaarsdames nie. Kyk nou maar vir Janet Swart — sy sleep met niemand anders nie as William Baines van Wits. Nou wonder ek of die teendeel van hierdie bewering nie waar is nie.

Lettie Campbell is glad nie so skaam, beskeie en ingetoë as wat sy wil voorgee nie — altans dit is die mening van mense wat haar al met Schalk Visagie van Tukkies sien sleep het.

Marteli du Plessis het ook besluit dat Puk-slepe vir die voëls is. Sy reken dat die blou lugmaguniform met die arend (of is dit 'n aasvoël) daarop, mooier is of lyk as die bont Puk-baadjie met die kersies daarop. Die geval De Villiers lyk baie belowend vanuit 'n juridies sowel as amoreuse oogpunt beskou. Francois is die eiser en Rika die verweerder. En so tussen al die eisery en verweerdery gaan dit glo baie goed.

Die witkop Frik van Pote het daarin geslaag om Annemarie van der Schyff vas te trek met 'n kys voordat sy dalk ander aansoeke ontvang d.m.v. Die Huisgenoot.

—ooo—

Die Pote is maar taamlik lastig by Klawerhof, of is William maar net 'n ,,maatjie," Ineke?

—ooo—

Paul Gründlingh, of is dit Piet Mapê, het ook besluit dat die winter te koud is om alleen deur te bring, en toe maar gekys met Alta Botes om te kyk of sy dalk kan hitte verskaf.

—ooo—

Tall, dark and handsome Frikkie Erasmus het ook blykbaar tot die gevolgtrekking gekom dat Klawerhof 'n volmaakte koshuis is vir sleep, veral met 'n eerstejaar soos Annetjie Kruger. Blykbaar glo hy deesdae egter nie in kys nie.

—ooo—

Braam en Maria se verhouding wil mos ook deesdae die gestalte van 'n vaste sleep begin aanneem, of hoe?

—ooo—

Vir alle alleenlopers wat al die eerste krampagtige trekkings van die winter in hulle rumatiek deurtrekte karkasse begin voel, kan gerus kom navraag doen of daar nie van die beamptes van Klawerhof Club for Lonely Hearts is wat 'n bietjie genesende krag kan invryf nie.

# KULTUURSKATTE WORD BEWAAR

**In Suid-Afrika moet die bibliotekarisse nog tot 'n groot mate die rol speel van sendelinge, het Prof. H. van Rooy verlede Donderdagaand in 'n toespraak, gelewer voor die M.S.S.V. gesê. Hy het die plek van die biblioteek in die Volkskultuur bespreek.**

**Biblioteke is belangrike plekke. Dit is waar die menslike geesteswerk versamel en bewaar word. Hierdie taak is van intense belang. Materiële dinge kan oorgeërf word, maar kennis kan nie so geëerf word nie. Kennis moet deur die mens self verkry word en reeds hierin speel biblioteke 'n groot rol, in soverre hulle boeke beskikbaar stel aan wie dit nodig het.**

Prof. Van Rooy het veral die klem laat val op die bewaringsfunksie van die biblioteke. Boeke en geskrifte moet maklik vindbaar georden word, om so vir die nageslag bewaar te word. Die versamelde werke en die mens wat dit benodig, moet bymekaar gebring word.

In S.A. vind ons onder andere Nasionale biblioteke wat elke geskrif wat in Suid-Afrika gepubliseer word, moet opberg en bewaar. Ou geskrifte word op mikro-film vasgelê, bv. ,,Die Volkstem," wat maklik bewaar kan word. Hierdie kultuurskatte moet deur die biblioteek bewaar word.

Die Wetenskaplike biblioteke is meer toegespits op wetenskaplike werke. Vakbiblioteke lê hulle toe op 'n enkele rigting, bv. Yskor. Skoolbiblioteke en Universiteitsbiblioteke is meer bekend.

Die Openbare biblioteek het nie net as doel die uitleen van ,,novals" nie. Dit het vele ander take, waarvan die uitstaande kenmerk is dat die openbare biblioteek die hele volk wil bedien. Daarom het die openbare biblioteek meer algemene leesstof. Prof. van Rooy huldig die gedagte dat die Openbare biblioteek nog nie die nodige bewaringsfunksie het teenoor die kultuurskatte van ons volkslewe nie. Die openbare biblioteek streef te veel na populariteit.

Die opvoedkundige taak van die openbare biblioteek is die belangrikste, veral vir die persone wat nie meer in skool of Universiteitsverband staan nie. Daar is wel ook ander funksies, bv. verskaffing van inligting, ontspanningsleesstof, ens.

Kultuurwerk word gedoen op verskillende gebiede, bv. op die gebied van die kuns, musiek ens. waaroor werke ook uitgeleen word deur sekere biblioteke. Dit voed die mens op om kuns te waardeer.

Wat die jeug betref, is daar baie probleme. In die oplossing van die probleme kan die openbare biblioteek hulp bied. Daar kan bv. leeskringe gereël word.

### GEVAARLIKE LEKTUUR

Biblioteke moet versigtig wees vir swak gehalte lektuur. Hier lê die probleem van sensuur. Die openbare biblioteek moet versigtig aan die jeug bied wat hy nodig mag kry, maar wat hom terselfdertyd van goeie nut kan wees.

In Suid-Afrika is biblioteekwese nog baie jonk. Ontwikkeling word gestrem deur onvoldoende geld en gebrek aan opgeleide persone.

Uit die bespreking was dit duidelik dat Prof. van Rooy die druk van goeie boeke in slapbandomslag goedkeur.

,,VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

# DAWIE DUP. NOORD SLEEP WEER

As gevolg van die geslaagdheid van die vorige massasleep met De Klerk-Huis, het die mans van Noord hierdie keer die uitnodiging aan Klawerhof gerig. Weereens het 'n goeie prent in die Grand gedraai, by name ,,Charade". Ongeveer 50 mense het deelgeneem aan die slepery wat op Saterdagaand 5 Junie plaasgevind het. Dit was 'n genoeglike aand wat alleen bederf is deur die feit dat die Greyhound Busdiens versuim het om die beloofde ekstra bus te stuur. Dit het meegebring dat die normale bus twee keer die rondte moes doen, en dat ongeveer die helfte van die slepers van die fliek af terug moes stap.

**Aan die dames van Klawerhof: Baie dankie vir 'n genoeglike aand.—Red.**

# INTERTEE BY GATHLAND

Op Vrydagaand 5 Junie het Dawie Dup-Noord 'n intertee met die dames van Ons Huis gehad. Aangesien dit reeds toe al effens te koud was om die funksie buite te hou, is besluit op die sitkamer. Die gebrek aan genoeg ruimte het byval gevind by die mans en het gou die sosiale gees aangewakker. Die dames het werklik hulle beste gelewer met die voorbereiding van heerlike toebroodjies. Sowel van die dames as die mans het die aanwesiges vermaak met geestighede.

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED.

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Sleep in by Fleurette
*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*
KERKSTR. 143 TEL. 709

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

*Die Wapad*

WOENSDAG 17 JUNIE 1964

# Laat ons ons leuse waardig wees

In 'n onlangse artikel oor die P.U. het ,,Die Huisgenoot'' die Universiteit aangedui as die universiteit met ,,die Goue Kandelaar''. Dit is tereg ook so. Ons is die enigste universiteit met 'n leuse uit die Bybel nl. ,,In U Lig'', kernagtig en so veelbetekenend. Ons as studente moet sorg dat ons daardie leuse waardig is en dit ook so uitdra. Onlangs het Prof. G. D. Scholtz nog weer in 'n artikel verwys na studente as die toekoms van die land.

Die wintervakansie lê voor en weer deurkruis ons studente die land, dit maak nie saak op welke wyse nie. Verskillende toere word onderneem en so word die Puk se naam verder aan die buitewêreld bekend gestel. Deur middel van ,,Die Huisgenoot'' het baie mense wat nie geweet het van die inrigting vir Hoër Onderwys nie, nou kennis gemaak met ons inrigting. Laat ons nou as hulle ons persoonlik ontmoet nie 'n wrang smaak laat nie. Laat ons leuse, ,,In U Lig'' steeds waardig wees.

* * *

# NUSAS WEET NOU

Na die afgelope massavergadering sal Nusas presies weet wat ons houding ten opsigte van die vereniging is. ,,Varsity'', Universiteit van Kaapstad se koerant beslaan 'n baie groot deel net oor Nusas, o.a. uittreksels van Jonty Driver, die president van Nusas, se toespraak. Daarin word verskillende aspekte genoem i.v.b. met Nusas en sy doelstellings. Dit is egter verblydend om te sien dat die Puk-massa só teenoor die saak staan. Afgesien van kommunistiese en liberalistiese idees is Nusas beslis daarop uit om die Afrikaner, nie net op studentevlak nie, maar ook moreel te dwarsboom en te ondermyn. Dink maar aan die verklaring van Bothas-Hill wat nou ondersoek word. Wat sal gebeur as sy hoofkantoor na Dar es Salaam verskuif? In sy toespraak het hy gesê: ,,Mr. Chairman I come back here to UCT at a Time when Nusas is facing its most serious crisis ever but it is nothing new for Nusas to face a crisis.''

In die toespraak blyk dit ook duidelik dat Nusas besig is met ondergrondse bewegings. Daarom is dit verblydend om te sien wat die Pukke se reaksie hieromtrent is.

# Vreugdedag spekulasies

Op Dinsdagaand se massa is 'n mosie goedgekeur, dat Vreugdedag in sy huidige vorm verdwyn en dat daar iets in die plek daarvan gestel word, indien dit nodig mag blyk. Die rigting wat die mosie ingeneem het, soos geblyk het uit die bespreking was om 'n ,,vreugdevolle'' dag te reel vir die studente, in welke vorm ookal.

In Potchefstroom bestaan daar ongetwyfeld 'n kloof tussen die gemeenskap en die studente. Tot nog toe was die enigste en laaste kontak van die studente se kant reeds Vreugdedag en dan wel oor 'n kollektebussie. Dit wil sê dat ons een van die ongeveer 20 inrigtings was wat jaarliks kollekteer. Hierdeur het die publiek studentsku geword. Dit is ons eie skuld.

Met 'n nuwe manier van ,,Vreugdedag'' kan ook hierdie laaste kontak tot niet wees wat die kloof bykans onoorbrugbaar sal maak. Reeds dit moet ons as studente verhoed. Ons moet kontak soek.

'n Gulde geleentheid hiertoe is 'n gereorganiseerde ,,Vreugdedag''. Is dit verkeerd om 'n groot karnaval of ,,Vreugdedag'' by die dam te reel? Nooi die Publiek van Potchefstroom met fietsoptogte en plakkate en dies meer om GRATIS braaivleis te kom geniet, saam met ons. Wel kan vir die dag die dam van die Munisipaliteit verkry word en kan die bootjies, springmatte, golfbane ens. nog verhuur word en kan inskrywingsgelde gehef word op bv. Toutrekkompetisies, roeiwedstryde ens. Al die fondse wat so ingevorder word kan gaan vir die dekking van die koste. Daar kan ook by die boere skape en beeste gekollekteer word.

Reken net: Vir die eerste keer sal ons gee en nie net vra nie. Bestaande dien as aansporing vir studente om hulle menings in die verband te lug, en wel in briewe aan Die Wapad.

**REDAKSIE**

**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X09.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Kruger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Kruger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**

# In U Lig

**Kol. 3:2: ,,Bedink die dinge wat daarbo is''.**

Die lewe van die gelowige op aarde is een stuk heimwee —'n verlange na bowe, waar Christus is een aan die regterhand van God sit. Want Christus is ons lewe, in Hom leef ons, beweeg ons, is ons. Uit Hom, deur Hom, tot Hom is alle dinge.

,,Bedink die dinge wat daarbo is''. By die oppervlakkige lees hiervan skyn dit asof Paulus geen man van die die werklikheid is nie — bedink en soek wat daarbo is. Hoe immers is dit moontlik om die dinge op aarde te vermy? Ons is tog geplaas in 'n gemeenskap; daar is baie lewensverbande. Ons sou kon vra of Paulus dan nie met die werklikheid rekening hou nie, verwag en eis hy dan nie hier die onmoontlike van die mens nie. Immers as hierdie skynbare teenstelling waar is, dan sou die geestelike lewe nie met die aardse versoenbaar wees nie.

Allermins is die bedoeling egter hier dat ons nou moet onverskillig staan teenoor die aardse dinge en daaraan geen aandag moet gee nie — trouens dit is onmoontlik. Die aardse lewe is ryk aan goeie gawes van die Vader in die hemel. Ons dank hom dan ook vir al die goeie gawes en volmaakte gifte wat ons elke dag so onverdiend uit Sy Vaderhand ontvang.

Nou wat bedoel die apostel dan hier? Hier word ons opgeroep om ook vir hierdie aardse lewe die behoud en die uitsig, die geheim, die sin, die krag, ja alles in die hemel te soek. Ons het hier geen teenstelling nie, geen oproep tot oorgeestelikheid nie.

Ons het hierin 'n heerlike belofte. Want wat is die grond waaruit hierdie vermaning put? —,,opgewek met Christus''. Ons wat dood was is opgewek saam met Christus. Nou is alles anders, alles het nuut geword. Geheel die lewe, ook die aardse in al sy verbande is in Christus geheilig. Alle gawes van God is goed. Die kuns en die wetenskap, ons arbeid, spel en werk is geheilig in Christus.

Ja hierom gaan dit — alles wat ons doen, alles wat ons besit moet gefokus word op Christus wat ons lewe is. En dan weet ons dat waar ons hier op die ondermaanse besig is met ons dagtaak waar ons elke dag met boeke besig is en ons kennis vermeerder — dinge wat vir ons so ver lyk van die dinge daarbo, ja, in dit alles weet ons dat daar 'n hoë waarde is, dat dit nie in die tydelike afloop en sy afsluiting in die verganklike vind nie.

En vir wie so inleef in die dinge daarbo, is die lewe geen gedeelde lewe nie. Dan is daar harmonie. Want dan weet ons dat dieselfde God in wie ons blydskap is ook die God is wat in die strydperk van die lewe ons God is.

Dan leef ons uit sy krag. Dan word die lewe 'n wandeling met God na sy wil en weg en welbehae. Dan bedink ons die dinge wat daarbo is.

Amen.

(Wapad 5 Okt. 1962)

# Briewe aan die Redaksie

**GEAGTE REDAKSIE,**

**Vergun my asseblief om 'n paar gedagtes te lug in verband met ons ,,sing-songs''. Dit is 'n saak waaroor ek nie anders kan as om erg bekommerd te voel oor die huidige stand van sake nie.**

**Gedurende die jaar woon die massa hierdie byeenkomste, om dit meer sagkens te stel, oor die algemeen redelik swak by. Dit is maar eers gedurende die twee weke wat intervarsity voorafgaan, wat daar toenemende belangstelling getoon word. Dan word probeer om in die korte tyd voor hande ,,intervarsity-gereed'' te kom, asof die massa 'n koerant is wat moet pers toe gaan.**

Wat is die gevolg van hierdie haastige afrondingswerk? Elke jaar word dieselfe vier of vyf liedjies tot vervelens toe oor en oor gesing. Dit is mos al waartoe die Puk massa in staat is. Hulle sien mos nie kans om iets nuuts te leer nie! Daarom voel ek my verplig om 'n beroep op die Pukke te doen om die sings-songs in baie groter getalle te alle tye by te woon.

My tweede beswaar is dat die dirigente ook nie poog om nuwe liedjies te laat sing nie. Weinig is die kere wat wel probeer is en dan is daar ook maar halfhartig probeer. Die bestaande sangbundel bevat sekerlik genoeg geskikte liedjies wat nooit eens raakgesien word nie. Altyd word die paar bekendes geoefen; party hoegenaamd nie geskik vir intervarsity nie! Die gevolg hiervan is dat in sommige gevalle alreeds 'n eie melodie gevorm is wat werklik nie baie musikaal klink nie. Elkeen probeer sy eie ,,vertolking'' daarvan gee, sodat ons 'n resultaat, baie onaanneemlik vir die oor, kry. Laat ons tog ernstig probeer om ons liedjies te sing soos hulle gesing behoort te word.

Nog iets waaroor ek 'n woord op die hart het, is die ,,koor'' wat elke jaar op die gallery gevorm word. Aan die lede van daardie remskoen tog net die gedagte dat hulle beslis nie 'n skitterende ster aan 'n reeds bleek firmament is nie.

Meeste van ons sportmanne en -vroue oefen reeds byna die hele jaar intensief om goeie rekenskap van hulself te kan gee wanneer Intervarsity aanbreek. Hoe kan die massa op die pawiljoen verwag om hulle afdeling te wen as hulle 'n paar afgewaterde oefeninge gehou het?

Ek is bewus daarvan dat nie al die lesers met my sal saamstem nie. Sodanige persone is hartlik welkom om te verskil. Die feit bly egter dat hierdie aangeleentheid verre van normaal is en dat daadwerklike optrede dringend noodsaaklik is om die Puk se naam ook op hierdie gebied weer in ere te herstel. Dit het dus tyd geword dat hierdie saak deeglik in oënskou geneem word en positief leiding gegee word deur die persone wat met die reëlings belas is.

C. J. J. Putter.

# ONS UNIVERSITEITS-BIBLIOTEEK (3)

**Seker een van die grootste probleme i.v.m. die gebruik van 'n biblioteek is hoe om die boeke wat benodig word, daarin te vind. Omdat dit gerieflik en noodsaaklik is om boeke wat oor dieselfde onderwerp handel, bymekaar te hou, klassifiseer biblioteke hulle boeke volgens onderwerpe. In ons Universiteitsbiblioteek word die Desimale Klassifikasiestelsel van Dewey gebruik, waarvolgens alle kennis in nege hoofgroepe verdeel is met 'n ekstra groep vir werke wat so algemeen van aard is dat hulle nie in een van die groepe val nie. Elke onderwerp ontvang 'n numeriese simbool sodat die tien hoofgroepe van die klassifikasiestelsel soos volg daar uitsien:**

000 Algemene werke
100 Wysbegeerte en Sielkunde
200 Godsdiens
300 Sosiale wetenskappe
400 Taalkunde
500 Natuurwetenskappe
600 Toegepaste wetenskappe of Tegnologie
700 Skone kunste en ontspanning
800 Letterkunde
900 Geskiedenis en Aardrykskunde

Elke hoofgroep word in tien kleiner groepe verdeel, wat elk weer in tien kleiner onderverdelings verdeel word, ens. Die groep vir die natuurwetenskappe (500) sien dus soos volg daar uit:

500 Natuurwetneskappe
510 Wiskunde
520 Sterrekunde
530 Fisika
540 Chemie
550 Geologiese Wetenskappe
560 Paleontologie
570 Biologie
580 Plantkunde
590 Dierkunde

Omdat die toekenning van numeriese simbole volgens die desimale stelsel geskied, word daar voorsiening gemaak vir selfs die kleinste onderverdeling van 'n onderwerp. So bv. is die simbool wat aan boeke wat oor die primate handel, toegeken word 599.8 (590 vir Dierkunde in die tabel hierbo; 599 vir soogdiere; 599.8 primate).

**STANDNOMMER**

Omdat die biblioteek gewoonlik 'n aantal boeke het wat oor dieselfde onderwerp handel en dus dieselfde klasnommer het, word aan elke boek 'n **standnommer** toegeken waarvolgens dit op die rak gerangskik word. Hierdie standnommer word saamgestel uit die nommer wat aan die onderwerp waaroor die boek handel, toegeken is en die eerste drie letters van die skrywer se van.

'n Boek wat oor die primate handel en deur H. J. Robinson geskryf is, sal dus 599.8 ROB as standnommer ontvang. Die boeke oor dieselfde onderwerp word daardeur alfabeties volgens hierdie drie letters op die rak gerangskik ondeer die nommer vir die onderwerp.

**KATALOGUS**

Hoe kan die gebruiker nou vasstel onder welke standnommer 'n bepaalde boek, wat hy nodig het, op die rak gevind kan word? Dit kan tog van geen biblioteekgebruiker verwag word om die klassifikasiestelsel van die biblioteek so te ken, dat hy maklik 'n boek op die rak kan vind nie. Hierdie inligting kan hy op die maklikste manier bekom deur middel van die **biblioteekkatalogus,** wat op kaartvorm 'n lys bevat van alle boeke in die biblioteek. Op elke boek se kataloguskaart(e) word die standnommer aangedui. Hierdie onontbeerlike sleutel tot die biblioteek, die biblioteekkatalogus, word in die volgende WAPAD verduidelik.

P. AUCAMP.

## *Prof. D. P. J. Smith ere-President*

**Prof. D. P. J. Smith het homself bereid verklaar om as ere-president van die Pluimbalklub benoem te word. Die klub het 'n groot bondgenoot en raadgewer in Prof. Smith. Hulle is hom baie dank verskuldig vir wat hy tot dusver vir hulle beteken het.**

## Korps verjaar

**Op 1 Junie was Korps Veritas Vincet 70 jaar oud. Hierdie huidige hoofliggaam in ons studentelewe is op 1 Junie 1894 gestig onder leiding van (later ds.) J. A. van Rooy.**

**Dwarsdeur hierdie 70 jaar het Korps 'n rigtinggewende rol gespeel in die studentelewe. Die vereniging kan terugkyk op 'n roemryke geskiedenis — dit het 'n lang tradisie. Die beginsels waarop Korps staan en wat dit wil bevorder, het egter nuut gebly. Die Calvinistiese beginsels kan nooit oud word nie, omdat hulle uit Gods ewige Woord geput word.**

**Hierdie beginsels roep om daadkragtige uitlewing en toepassing in ons alledaagse lewe. As Korps dit as sy taak beskou, is hy nie alleen op die spoor van sy eie geskiedenis nie, maar ook — en dit is veel belangriker — op die spoor van Gods Woord.**

# Doris Brasch en Bob Borowsky tree op

In die Suid-Afrikaanse musiekwêreld het die name van die duetpaar Doris Brasch en Bob Borowsky 'n huishoudelike begrip geword. Hulle is nie net bekend vir hulle verhoog optredes nie, maar is ook ou bekendes oor die S.A.U.K. waar hulle besonderse styl bekendheid en bemindheid verwerf het.

Vir die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur is dit 'n besondere voorreg om die twee kunstenaars op Saterdag 20 Junie aan die studente in die Totius-Gedenksaal voor te stel. Borowsky het besondere goeie kritiek ontvang vir sy optrede as Enrico in die pasafgelope opera ,,Lucia'' in die Stadsskouburg Johannesburg. Doris Brasch se gevoelvolle vertolkings van kinderliedjies word orals hoog aangeslaan.

Saam maak die paar 'n besonderse kombinasie uit. Hulle vertolkings van volksliedjies met 'n tegniek wat eie aan hulle is, sal beslis, net soos vir hulle talle ondersteuners, die studente se bewondering afdwing.

Dit is die tweede aanbieding van die A.B.K.K. in hierdie semester (drie weke gelede het Victor Ivanhoff voor 'n teleurstellende klein gehoor opgetree). Die Bestuur van die A.B.K.K. hoop om met hierdie opvoering aan die smaak van almal te voldoen, en 'n uiters genotvolle aand kan verseker word.

Plekbespreking kan by die Bult Apteek gedoen word teen 30 en 25 sent per persoon.

## A.S.P.U. reël Kursus

Die Afrikaanse Studente Persunie, reël die eerskomende vakansie 'n kursus vir studente-joernaliste. Hierdie kursus sal saamval met die kongres van die A.S.B. en die konferensie van A.S.P.U.

Die hoofbestuur van A.S.P.-U. stel tien referate in die vooruitsig waardeur die verskillende redakteurs eerstehandse kennis van joernalistiek kan opdoen. Die gedagte is dat hierdie kursus 'n jaarlikse instelling sal word om in die toekoms aan alle redakteurs en redaksies 'n basiese kennis van joernalistiek te gee.

## PLUIMBALSPAN MEET KRAGTE

Die P.U.-Pluimbalspan het sy eerste kragmeting gehad op Donderdagaand, 11 Junie. Hulle kon nie die pyp rook teen die gedugte span van Escom nie. Die spelers het nogtans verrassend goed vertoon, veral as in ag geneem word dat Escom die wenners is van die Wes-Transvaalse B-liga.

**WEN TEEN HEIDELBERG**

Teen Heidelberg Normaal het hulle egter gewen. Weer was dit die onervare spelers, die jong spelers, wat besonder goed vertoon het.


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*,,DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL''*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497
H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM



**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

**AANTREKLIKE LOOPBANE**

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

| | Indien in besit van | Aanvangsalaris |
|---|---|---|
| Assistent-ingenieur | B.Sc. Ing. | R2,250 p.j. |
| | B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc. | R2,400 p.j. |
| | M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc. | R2,550 p.j. |
| Metaalkundige / Skeikundige | B.Sc. | R1,950 p.j. |
| | Hons.-B.Sc. | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. | R2,250 p.j. |
| Bestekopmaker | Diploma Bourekening | R1,950 p.j. |
| | B.Sc. Bourekening | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. Bourekening | R2,250 p.j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar) | 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p.j. |
| | 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R1,650 p.j. |
| | 'n Magistergraad | R1,875 p.j. |
| | 'n Doktorsgraad | R2,025 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

LS/L/3546

# Beurslening vir nagraadse Studie

## 1965 AKADEMIESE JAAR

1. Die Staatsdienskommissie stel vir die 1965 akademiese jaar 'n aantal beurslenings tot 'n maksimum van R600 per jaar in die ondervermelde rigtings vir nagraadse studie beskikbaar aan kandidate wat hulle vir 'n loopbaan in die Departement van Landbou-tegniese Dienste wil voorberei. Slegs aansoeke van kandidate wat in besit is van 'n toepaslike Baccalaureusgraad sal vir oorweging in aanmerking kom. Manstudente sal voorkeur geniet.

2.

| Graad | Vakrigting | Beoogde pos en latere spesialisasie |
|---|---|---|
| B.Sc. (Hon.) | Chemie. | Assistent-vakkundige Beampte; Spesialisasie in Biochemie, Organiese Chemie of Anorganiese Che mie. |
| | Fisika. | Assistent - vakkundige Beampte: Spesialisasie in Biofisika en Landbouweerkunde. |
| | Geologie | Assistent - vakkundige Beampte: Spesialisasie in Bodemkunde (Vir kandidate wat Chemie as tweede hoofvak vir B.Sc. aanbied naas Geologie). |
| | Plantkunde | Assistent - vakkundige Beampte: Spesialisasie in Plantfisiologie of Tuinbou. |
| | Dierkunde | a) Assisten-vakkundige Beampte: Spesialisasie in Mikrobiologie of Hematologie. (Vir kandidate wat Chemie of Entomologie as tweede hoofvak vir B.Sc. aanbied naas Dierkunde.) b) Assistent - vakkundige Beampte: Spesialisasie in Dierefisiologie. (Vir kandidate wat Fisiologie as tweede hoofvak vir B.Sc. aanbied naas Dierkunde.) |

3. Aansoekvorms asook besonderhede van die voorwaardes waaronder die beurslenings beskikbaar gestel sal word, sal vanaf 1 September 1964 op aanvraag verkrygbaar wees by: Die Sekretaris,
Staatsdienskommissie,
Noordvaalgebou,
PRETORIA.

4. Studente wat in die skema belang stel word egter versoek om voor einde Julie die Staatsdienskommissie dienooreenkomstig in kennis te stel.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .

*Kies*

**FOTOKUNS**

*vir*

**PORTRETTE**

*en*

**GROEPFOTO'S**

MAAK 'N AFSPRAAK ——— SKAKEL NET 3185

Die Bruidshoekie

*Die winkel vir die Bruid en haar gevolg*

TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106

# Dorp buit Koshuissokker-liga Trofee

**Op Vrydag 5 Junie het Dorp oortuigend teen Dawie Dup (S) gewen met 4-1. Alhoewel Dawie Dup (S) knaend op die aanval was, kon hulle net nie doele aanteken nie. Met hierdie oorwinning buit Dorp die trofee, want geen span kan meer die telling van 9 punte behaal nie. Heimat het gelykop gespeel teen Over de Voor in 'n harde wedstryd met 2-2.**

# W.Tvl. KAMPIOEN

**Op die Wes-Transvaalse judokampioenskappe gehou op 6 Junie by Schoonspruit het Willie van Aarde daarin geslaag om die swaargewigtitel in te palm.**

**Hy het redelik maklik daarin geslaag om tot in die finale te vorder, waar hy teen Le Roux van die Polisiemag te staan gekom het. Lg. is self 'n gedugte teenstander en was blykbaar die fikste van die twee. 'n Skoon gooi van Van Aarde het hom egter hier die titel besorg. Ongelukkig het 'n besering hom egter verhinder om sy titel in die ope gewigsafdeling te verdedig.**

Van die ander drie Pukke wat deelgeneem het, het twee tot in die finale gevorder nl. Chris Jordaan en Maarten Roode.

In die ligter gewigsafdeling het Roode teen S. Botha te staan gekom. Die geveg het baie gelyk verloop en van beide kante is telkens amper punte aangeteken. Dit was egter eers teen die end van die geveg dat Botha 'n vashou behaal het waaruit Roode netnet nie kon uitkom nie.

Jordaan het in die uitdunne vir die ope vir Pienaar van Pote geklop en hoewel geen punte in dié geveg behaal is nie, was dit nie moeilik vir die beoordelaar om die beslissing ten gunste van Jordaan te gee nie. Ongelukkig het lg. in die finaal teen P. van Wyk verloor.

Die ander Puk wat deelgeneem het, Steve van der Walt, was ongelukkig om in sy heel eerste geveg teen een van die sterkste teenstanders in sy gewigsgroep te kom, teen wie hy dan ook verloor het.

Die uitslae kon dalk nog beter gewees het was dit nie dat die oefenprogram in die laaste tydjie effens in die wiele gery is deur akademiese aktiwiteite nie, met die gevolg dat die Pukke nie fiks was nie.



**DANIE VAN WYK**
**Foto: Fotokuns.**

# Wegholoorwinning behaal

**Ten spyte van die feit dat die eerste tennisspan Saterdag sonder die dienste van Lappies Labuschagne en Dawie Smith wat albei beseer is, moes klaarkom, het hulle nogtans 'n wegholoorwinning oor Ventersdorp behaal. Sonder om 'n enkele stel prys te gee, het Pieter van der Walt, Theo Malan, Lourens Roux en Kobus Meintjies dié ligabepaling met 4 wedstryde teenoor 0 in hulle guns beklink. Die tweedespan wat ook nie op volle sterkte was nie het ook vir 'n goeie vertoning gesorg deur Ventersdorp se tweedes met 3 — 1 te verslaan. Die span het bestaan uit Jan van der Walt, Larey Heidenreich, Johan Sander en Pieter van der Walt (junior) en veral laasgenoemde het getoon dat sy talent nie net op die gebied van tafeltennis nuttig gebruik kan word nie.**

Met manne soos Bok Wenteler, Klaas Heystek en Willie Roux ook nog daar kan die Kovsies hulle vanjaar klaarmaak vir 'n moeilike tydjie op die tennisbaan, wanneer die jaarlikse intervarsity op Bloemfontein plaasvind.

**TAAI STRYD**

In die halfeindronde van die Dames-enkelspel om die Pukkampioenskap het Anna Venter na 'n taai stryd uiteindelig daarin geslaag om Hettie Jamneck naelskraap in drie stelle te klop. Anna kom nou in die eindronde teen Leen Dreyer te staan en ook hier kan 'n interessante wedstryd verwag word.

In die Mans-enkelspel moet die wenner van Lappies en Theo sake met Dawie Smith uitspook. Wie ookal wen, beide wedstryde beloof om tennis uit die boonste rakke op te lewer aangesien Lappies vanjaar beter speel as ooit en Theo by uitstek bekend is vir sy veilige spel van die agterbaan af. Die wenner van hierdie wedstryd moet 'n redelike kans hê om Dawie te klop aangesien laasgenoemde vanjaar nog nie behoorlik op dreef is nie.

# Noord en Suid speel gelykop

Op 27 Mei het die nie-rugbyspelende koshuisligamanne van Dawie Dup-Noord en Suid teen mekaar te staan gekom in 'n vriendskaplike wedstryd. Noord het gedurig op die aanval gebly en probeer om die rotsvaste verdediging van Suid te oorkom deur telkens met die agterlyn te slaan. Dit het slegs een keer vrugte afgewerp toe Louis Brits in die hoek oorgeval het vir 'n onvervyfde drie. Piet Vorster het egter die telling vir Suid gelykgemaak met 'n netjiese strafskop. Die eindtelling was 3 - 3.

**DORP VS. HEIMAT**

Op Woensdag 10 Junie het Dorp in 'n koshuisligarugbywedstryd vir Heimat met 36-6 kafgeloop. Dorp was hulle teenstanders heeltemal oor en het alle afdelings van die spel oorheers. Hennie van der Merwe, Hannes Viljoen en Daan Morkel (wat ses drieë gedruk het) het skitterend gespeel in 'n span wat moeilik geklop gaan word.

**PARKSIG**
**EIENDOMSAGENTSKAP**
★ HUISE
★ PLASE
★ PLOTTE
★ BESIGHEDE
★ STANDPLASE
*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 ——— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# Maanlig Feesrugby te Viljoenskroon

**Stadig tou die koeie kraal toe. Lui-lui trek die eerste rokies uit die skoorstene. In die vlei maak die paddas keel skoon en by die bioskoop staan die mense tou. Toe die braaivleisgeur nog vars om die veld hang draf Jona Viljoen met sy ander 14 ,,Theos"-spelers op die veld vir die wedstryd teen Viljoenskroon. Datum: Maandag 1 Junie. Plek: Viljoenskroon.**

**LIG OP DIE SPEL**

**Na ongeveer 15 minute, net voordat die ergste duisternis toesak, sny Spekkies de Villiers in die agterlyn in en druk sy eerste drie sinds 1961. Hy vervyf dit self. Kort hierna word die spreiligte aangeskakel en 'n witbal nadergesleep. Nou speel die 15 Pukke met hulle maanliggeel truie soos een man. Gerrit Scholtemeijer draf deur na 'n pragtige breekslag deur Dries Redelinghuys. Spekkies vervyf en die Pukke is 10-0 voor.**

**Omtrent half sewe begin die Pukke om die Viljoenskroners om die nek te probeer lak (sleeptyd) en kry so 8 punte teen hulle. Danie van Wyk kry die bal en hardloop 'n haas uit die grond uit toe hy sy draai agter die doellyn maak. Die eindfluitjie blaas en die Puk wen 'n baie lekker wedstryd met 13-8.**

**'n Groot en aangename rugbydag word op Viljoenskroon afgesluit toe die Puk 'n beker ontvang vir die beste wetenskaplike spel.**

## SPORTGESELSIE DEUR RYDAN

# *Vakansietoere En - Toernooie Voor Die Deur*

**Soos u almal weet, gaan ons binnekort met vakansie en daar is ook verskillende sportspanne van die Puk wat inter - Universitêre toernooie gaan bywoon of gewone toere onderneem. Soos die verlede dit al telkemale bewys het, is die standaard wat op sulke toernooie heers, beonder hoog en strewe universiteite jaarliks om die gehalte van die sportsoort waarin hulle meeding steeds op 'n hoër peil te plaas waardeur die kompetisiegees ook noodwendig verskerp is. ...**

Hiervoor is maandelange se harde opoffering en voorbereiding nodig en is dit veral fiksheid van spelers of deelnemers wat aan 'n strenge toets onderworpe is . . . en nou ontstaan die vraag of dit werklik ons erns is, ons as Pukke, om 'n algehele peil van fiksheid te bereik deur harde oefening vooraf. Fiksheid is tog immers die basis van elke sportsoort en hoe kan ons met ander universiteite gaan meeding as hierdie noodsaaklike fondament ontbreek? Ons is meestal geneig om slegs aan die sosiale gesellighede te dink wat met so 'n toernooi gepaard gaan en die lekker vakansie wat so 'n onderneming inhou.

**Geagte sportlesers, verstaan mooi, ek praat nie van afronding, styl en ander fynere kunsies van elke sportsoort nie; dog slegs oor die fisiese fiksheidtoestand van elke Puk wat gedurende Juliemaand sy of haar Universiteit op 'n inter-Universitêre toernooi gaan verteenwoordig. Hiermee wil ek 'n beroep op u almal doen om die volgende paar weke nog harder as ooit voor te berei vir die onderskeie toernooie wat u mag bywoon.**

### RUGBYBESTUUR ANTWOORD

Van die sekretaris van die Rugbyklub, mnr. Hans van Zyl, het ek die volgende brief ontvang:

,,Geagte Redakteur — Met die ,,Sportgeselsie'' in die vorige Wapad veroordeel Rydan die rugbybestuur as moordenaar van die rugbykoshuisliga. Hierdie totaal valse beskuldiging regverdig nie eens kennisname daarvan nie. Op die Puk weet almal dat Rydan met sy bewerings op 'n dwaalweg ,,rydans'', maar aangesien ,,Die Wapad'' se leserskring verder as Potchefstroom strek en daar nou heelwat persone is wat onder 'n wanindurk gebring is, wil ons graag die saak regstel:

1. Die rugbykoshuisliga is verlede jaar op inisiatief van die Rugbybestuur in die lewe geroep.
2. Vanjaar is die inisiatief weer deur die Bestuur geneem, en die Sentrale Koshuiskomitee is sonder sukses gevra om die koshuisliga (met klem op die koshuis) te organiseer. Dit is 'n redelike versoek· (Volgens Rydan heers daar in die koshuise 'n gees van bereidwilligheid om saam te werk; behoort die koshuisinwoners nie die Huiskomitee oor die vingers te tik omdat hulle nie wou saamwerk nie?)
3. Die Rugbybestuur kon nie toelaat dat gereelde voetbalspelers aan die koshuisliga deelneem nie, omdat daar reeds nie genoeg spelers is om sy ligaverpligtings na te kom nie en omdat hy alle ingeskrewe spelers by oefeninge moet hê om spanoefening te verseker. Dit is juis die moeilikhede met verlede jaar se koshuisligawedstryde wat die Bestuur tot so 'n besluit gedwing het: ingeskrewe spelers moes op oefentye aan koshuisligawedstryde deelneem.
4. Teen die tyd dat die ,,Sportgeselsie'' verskyn het, het die eerste skote in die koshuisliga reeds geklop. Intussen gaan die wedstryde georganiseerd voort — op inisiatief van die koshuise. Dit is wat die Bestuur beoog het en dit het geslaag.
5. Dit word algemeen aanvaar dat die Rugbyklub een van die mees aktiewe sportklubs op die Universiteit is en dat daar met sy organisasie niks skort nie.

,,Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die bewering van Rydan onjuis en beslis onvanpas was.

,,Ten slotte, moet asseblief nie weer die Sokkerklub se modus operandi aan die Rugbyklub voorhou nie en daardeur die een klub teenoor die ander stel nie.''

### LOS UITDAAG-WEDSTRYDE

My dank aan mnr. Van Zyl vir sy vriendelike antwoord. Ongelukkig het die grootste gedeelte daarvan niks te doen met die kern van my Geselsie verlede keer nie, naamlik dat die Rugbybestuur die koshuisliga in sy nuwe vorm moes organiseer nie· Punte 1, 3 en 5 is dus ietwat van die punt af. Wat punte 2 en 4 betref, voel ek steeds dat die reëling van die liga eerder op die gebied van die Rugbybestuur as van die Koshuiskomitee val (in elke geval bly dit lg. se plig as die Huiskom nie wil saamwerk nie), terwyl ek nog wonder wie kontrole hou oor die uitslae van die los uitdaagwedstryde wat mnr. Van Zyl as ,,georganiseerde koshuisliga''-wedstryde beskou.

Wat die slotparagraaf betref, glo ek nie dat enige klub té aktief en té goedgeorganiseerd kan wees om by enige ander nog iets te kan leer nie.

### PUIK REëLINGS

Van rugby gepraat, 'n woord van hartlike gelukwensing aan die Rugbyklub vir die puik manier waarop die Rugbydag van verlede Saterdag gereël is· Die aandenkingsprogram is 'n juweeltjie.

### MNR. PIET BOSMAN

Op die buffet-ete wat deur die Rektor na die wedstryde Saterdagaand vir die spelers gehou is, het die Voorsitter van die Wes-Transvaalse Rugby-unie, mnr. Piet Bosman, 'n betekenisvolle ding gesê. Hy het gepraat oor die feit dat die Puk se rugbyspanne die



MNR. PIET BOSMAN

afgelope paar jaar nie heeltemal dieselfde hoogtes bereik het as so 'n 10 jaar gelede nie, en gesê:

,,Ek wonder of die rede hiervoor nie gesoek moet word in die min ondersteuning wat die rugbyspelers van hul medestudente, en veral die dames, kry nie. Tien jaar gelede was die Park altyd gepak deur Pukke as hul Eerstespan daar speel en lede van die publiek moes reeds van eenuur af toustaan om 'n plek op die pawiljoene te kry.'' Ek wonder ook.

RYDAN.

# PUKKE BEHAAL MOO[illegible] OORWINNING TEEN POTE

## Faan van Tonder skitter op verdediging

**Die Eerte-span het op Saterdag 30 Mei op skitterende wyse 'n einde gemaak aan die reeks neerlae en gelykopbeslissings teen Pote sedert die einde van 1961. Daarmee is ook 'n morele oorwinning behaal wat veel groter is as die 12 punte teen 9 wat die telbord na afloop van die wedstryd aangedui het.**

**Op die veld was daar volop drama en skouspel en op die paviljoen ovasie en dawerende uitbundigheid. Olënpark het aan die Pukke behoort en die handjievol Pote-ondersteuners was verslae.**

### HELDE

Die Theosspan het soos een man besielend gespeel. Dit was duidelik dat hulle met niks anders as 'n oorwinning tevrede sou wees nie. Hoewel dit moeilik is om uitsonderings te maak, was daar tog vier spelers wat hulle onderskei het as die helde van die dag, naamlik Faan van Tonder, wat die Pote-agterlyn met vernietigende verdedigingswerk totaal ontwrig en ontsenu het; Spekkies de Villiers, wie se posisionele spel en verdediging foutloos en ondeurdringbaar was; Barries Barnard, wat elke oomblik 'n verbete spel gespeel het; en kaptein Jona Viljoen, wat reusewerk onder die voorspelers verrig het.

Al die ander manne was egter ook helde. Wie sal Danie van Wyk se vasberade lopies vergeet of Dawid Sauermann se dekwerk of Dave Tromp en Paul du Plessis se skitterende lynstaanspel! Gerrit Scholtemeijer en Bulletjie de Beer was deurgaans op die punte van hulle tone, Gieter van der Walt en Dries Redelinghuys het veilig gespeel. Voeg daarby dat Jan Kruger, Harry Meadon en Joof Otto meer as hulle normale deel gedoen het, dan kan dit begryp word waarom die Swartetjies nie teen die Pukaanvalle bestand was nie.

### DIE PUNTE

Die punte het soos volg gekom:

In die eerste helfte behaal P.O.K. ses punte deur middel van twee tergend maklike strafskoppe reg voor die Puk se pale. Spekkies slaan egter net voor rustyd terug met 'n prag-



FAAN VAN TONDER
Foto: Fotokuns

tige strafskop van 50 tree. Kort na rustyd maak hy die telling gelykop met 'n uitstekende skepskop. Dit het skielik ondernemingsgees in die Pukspan geblaas. Eers duik Barrie Barnard vir 'n drie oor nadat Pohl misgetas het en kort daarna skuif Dries Redelinghuys die telling op met 'n drie in die hoek. Spekkies faal met albei vervyfskoppe.

### ROOSKLEURIG

Kort voor die einde het Pote nog 'n maklike strafskop in punte omskep maar hulle het nie die nodige slaankrag gehad om die Puk se doellyn oor te steek nie. Die eindfluitjie het geblaas met die Puk sterk op die aanval.

Indien die Puk nie vroeër in die seisoen teen die verwagting in teen Klerksdorp en Lichtenburg verloor het nie, kon hulle kanse om die Neserbeker nou as rooskleurig beskou gewees het.



# OUD-THEOS 3 PUNTE BETER AS 1e-SPAN

## Rugbydag was 'n groot sukses

**SPRANKELENDE rugby is Saterdagmiddag gesien toe die Oud-Theosspan die huidige Eerstespan verslaan het met 16 punte teenoor 13 in 'n wedstryd op die P.U.-rugbyveld. Alhoewel na die wedstryd beweer is dat die Eerstespan 'n drie present gekry het, was die telling 'n getroue weergawe van die wedstryd wat die hoogtepunt gevorm het van 'n baie geslaagde Rugbydag.**

In die Oud-Theosspan het Jan van der Schyff op senter getoon dat hy nog oor byna al sy ou vaardigheid beskik. Daardie gevaarlike grondskoppie van hom is nog net so doeltreffend soos altyd. Dit was egter skrumskakel Bok Fourie wat die beste spel onder die agterspelers gelewer het en die oorwinning van die ,,ou'' manne kan in 'n groot mate aan sy skitterende vertoning toegeskryf word.

**VOORSPELERS**

Die grondslag vir die oorwinning is egter deur die voorspelers van die ouer garde gelê. Hier het hulle 'n besliste gewigsvoordeel geniet met manne soos Koos du Plooy, Pierre Maritz en Solly van Vuuren in hul geledere. Oud-kaptein Piet Bingle het die hele veld volgespeel, terwyl Nic Fourie en Terry Röscher altyd woelig was in die los.

**SKITTEREND**

Wat die Pukspan betref, was daar rukke wat hulle pragtig saamgespeel het en werklik mooi rugby gelewer het. Die drie van Chris Siebert was skitterend. Oor die algemeen het hulle egter nie heeltemal die tipe hardlooprugby gespeel wat van hulle verwag is nie.

Onder die agterspelers het Spekkies de Villiers 'n ware ,,gemerkte'' dag belewe. Hy is dikwels bestook met hoë skoppe en het net so dikwels met 'n ,,merk'' die posisie gered. Gerrit Scholtemeijer was met 'n puik breekslag direk verantwoordelik vir Siebert se drie.

Die punte vir die Oud-Theos is aangeteken deur Jan van der Schyff ('n drie en twee vervyfskoppe), Terry Röscher en Fanus Blom (elk 'n drie) en Kerrie Kruger ('n skepskop). Vir die Pukke het Redelinghuys, Dave Tromp en Siebert elk 'n drie gedruk waarvan Spekkies twee vervyf het. Die derde vervyfskop was teen die regoppaal en 'n pragtige skepskop van Spekkies (50 tree) was net mis.

**MNR. PIET DU PLOOY**

Die wedstryd is in 'n baie goeie gees afgespeel en elke toeskouer het die hele wedstryd geniet. Die wyse waarop Mnr. Piet du Plooy die fluitjie gehanteer het, was opmerksaam. Dié gemaklike manier van wedstryd hanteer, is onbekend in Wes-Transvaal.



**Die Theosspan wat verlede Saterdag gespeel het, is:**

**VOOR (l-r): Mnr. J. Schutte (Onder-voorsitter), Prof. H. Venter (Voorsitter), J. Viljoen (Kaptein), K. v. d. Walt (Onder-Kaptein), mnr. J. Hattingh (Afrigter), H. van Zyl (Sekretaris).**

**MIDDEL (l-r): B. Barnard, D. Redelinghuys, S. de Villiers, F. van Tonder, B. de Beer, H. Meadon.**

**AGTER (l-r): J. Otto, D. Sauermann, D. Tromp, J. Krüger, P. du Plessis en D. van Wyk.**

**AFWESIG: G. Scholtemeijer.** **Foto: Fotokuns.**

# OUD-NAVY WEN LEWENDIGE WEDSTRYD

In 'n lewendige wedstryd het die ,,veterane'' die jong Navy Saterdag onder die knie gekry met 'n oorwinning van ses punte teenoor nul.

Die oud-Navy se punte het gekom van 'n drie deur Piet Hugo en 'n strafskop deur Louw Erasmus.

**GEWIGSVOORDEEL**

Die ,,ou manne'' het 'n baie groot gewigsvoordeel gehad en dit het die voorspelers van die tweede span swaar laat lewe. Onder die voorspelers van Oud-Navy het kaptein Mac MacDonald en Gustaaf du Toit goed gespeel terwyl die losskakel Carel Gründlingh nog goeie rugby speel. Johan Serfontein speel ook nog windmakerig.

Vir die huidige Navy het Klasie Havenga en Hannes Visser goed vertoon.

# Theos verslaan W.-Tvl. se kampioenspan

## Voorspelers voer botoon in harde stryd

**Na hulle oortuigende oorwinning oor Pote twee weke gelede het die Eerstespan verlede Saterdag (5 Junie) hulle reeks goeie vertonings van die seisoen voortgesit toe hulle die span van Strathvaal (verlede jaar se wenners van die Wes-Transvaalse liga) met 9 punte (een drie en twee strafdoele) teen 3 ('n strafdoel) op Olënpark se B-veld geklop het. Die rustydtelling was 3—0 in Strathvaal se guns.**

**Dit was 'n harde wedstryd wat hoofsaaklik onder die voorspelers uitgespook is, terwyl die agterspelers van beide spanne hulle deurgaans daarop toegelê het om soveel as moontlik met skopwerk voordeel te trek uit die lastige wind wat daar gewaai het.**

**VOORSPELERS BAAS**

Teen 'n span wat daarvoor bekend is dat hulle hulle hoofsaaklik op voorspelerspel toespits, het die Pukvoorspelers met eer uit die stryd getree. Die vaste skrums is heeltemal deur die Geeltruie oorheers, waar Bulletjie de Beer 'n hele paar vasskoppe meer as sy teenstander gewen het. 'n Duidelike bewys van hul baasskap is in die tweede helfte gelewer toe die agt Pukke in 'n skrum naby Strathvaal se doellyn hul opponente skoon oor die doellyn gedruk het en Jan Kruger op die bal geval het vir die enigste drie van die wedstryd.

Ook in die losspel het die Theosmanne die botoon gevoer, maar hul lynstaanwerk is nog nie heeltemal na wense nie. Die gebrek aan ondersteuning en die feit dat hulle nog nie vinnig genoeg toemaak nie, laat Gieter van der Walt nog te veel benoude oomblikke beleef.

**PRAGSKOP**

Die ander punte van die Puk het gekom as gevolg van twee strafskoppe van Spekkies de Villiers, wat andermaal 'n stewige vertoning gelewer het. Een van hierdie strafdoele was 'n pragskop wat hy vanaf die middellyn oorgesit het.

Met hierdie orwinning van hulle het die Pukke nou gevorder tot derde plek op die liga na Lichtenburg en Goldfields wat nog met 'n kortkop voor is.

# Puk se Juniors verloor teen Tukkies

In die eerste voorwedstryd verlede Saterdag het die O/19-span van Tukkies daarin geslaag om 'n soortgelyke span van die Puk met 18-8 te klop. Dit was 'n welverdiende oorwinning en die besoekers uit Pretoria het die skare vergas op pragtige rugby.

**REUSETELLINGS**

Onder die Pukkies was daar 'n algemene gebrek aan vuur, en dit wil voorkom asof hulle maar net nie die mas kan opkom by groot geleenthede nie, want voor Saterdag het hulle al hul wedstryde met reusetellings gewen, behalwe die nederlaag teen Pote.

Al agt die Pukke se punte is aangeteken deur Gawie Ysel, met twee drieë en 'n vervyfskop. Vaatjie van der Merwe en Leon de Bruin onder die voorspelers en Piet Venter onder die agterspelers het met eer uit die stryd getree.

**Dick Putter (links), die kaptein van die Oud-Theosspan wat Saterdag die Eerstespan van die Puk met 16 - 13 geklop het, ontvang die beker vir die beste rugby gespeel op die Rugbydag namens sy span van mnr. Piet Bosman, die Voorsitter van die Wes-Transvaalse Rugby-unie. Die oorhandiging van die beker het plaasgevind by die geselligheid na die wedstryde in die Totiussaal.**



Foto: Fotokuns

# VERSWAKTE SOKKERSPAN KRY SWAAR

Die volgende wedstryde is deur die spanne gespeel: 30 Mei, Strathvaal B — Puk B 4 — 0; 3 Junie Strathvaal A — Puk A 9 — 1; 6 Junie Dorp B — Puk A 5—5; Westvaal-Rangers A-Puk B 6 — 0.

Die wedstryd teen Strathvaal A van die A-span, het op 'n Woensdagaand plaasgevind en die Pukke moes met 'n verswakte span opdraf, omdat baie van die steunpilare nie kon speel nie. Teen Dorp B was hulle weer baie ongelukkig om nie 'n hoër telling te behaal nie. Die B-span wat met nege spelers teen Westvaal-Rangers gespeel het, het 'n mooi vertoning gelewer deur net met 6 — 0 te verloor. Pragtige keerwerk is gelewer deur doelwagter Schalk Sevenster, wat grootliks verantwoordelik was vir die lae telling.

Op 20 Junie speel die A-span teen Dorp A en die B-span teen Dorp B in die laaste liga-wedstryde. Strathvaal A wat nog onoorwonne is, het die grootste kans om die wenners van die liga te word. Volgende kwartaal vind die uitklop-liga plaas en ons kan met 'n geruste hart gaan kyk wat die A-span dan sal presteer. Daar word met spanning gewag op 'n antwoord van UKOVS of hulle 'n span beskikbaar sal hê vir intervarsity of nie.

# Pukke geklop in landloop

**In die landloopkompetisie wat Saterdag die 6de Junie op Stilfontein afgehandel is, het Weermag die Pukke met 8 punte verslaan om hulle daarmee die tweede nederlaag van die seisoen toe te dien. Leendert Snyman het vyfde plek behaal, Dewald Steyn sesde plek, Fanus Heystek was tiende en Baas Buys twaalfde. Ander deelnemers aan die byeenkoms was Pote, Strathvaal, Lichtenburg en Volkskool, Potchefstroom.**

Die Pukke gaan gedurende die eerste naweek van die komende vakansie in Kaapstad aan die interuniversitêre landloopkompetisie deelneem en behoort hulle wel deeglik te laat geld ten spyte van die feit dat hulle o.a. met 'n man soos Charles Minnaar van Tukkies te doen sal kry.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

*,,LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . .''*
*,,EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . .''*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. 12 en 2582
Kerkstraat 122 Posbus 171